



NGB Artikel 21

Na die verwysing na die orde van Melgisedek fokus die res van die artikel op Jesus se priester-amp. Jesus het Sy priesterlike werk gedoen om God se toorn af te wend. Ons sonde het ons onder die toorn geplaas en Jesus as priester het hierdie toorn nie net op Homself gedraai nie, maar dit ook bevredig. God se toorn is weg omdat die sonde gestraf is. Jesus neem ons straf op Hom sodat ons die straf kan vryspring. Jesus se onskuld is ons waarborg dat ons skuld totaal verwyder word deur Sy priesteroffer na die orde van Melgisedek.

In hierdie sin moet ons stel dat vergifnis van sonde eintlik net beteken dat dit verwyder is. Vergifnis is die verwyder van God se toorn deur die objek van straf te verander. God se geregtige straf is verplaas na Jesus en Hy het die volle las van die straf gedra. Vergifnis beteken nie dat God ons sonde oorsien nie. Dit beteken dat die sonde voldoende gestraf is, Jesus het Sy priesterlike werk effektief gedoen. Jesus se optrede is eie aan dié van 'n priester; Hy het namens en in ons plek opgetree.

Jesus se plaasvervangende optrede word teen hierdie agtergrond duidelik. Jesus het in Sy ware menslike vlees en bestaan die straf verduur wat ons toegekom het. Jesus se optrede is deur verskeie Ou Testament gedeeltes voorspel. Die kruisiging was met ander woorde nie 'n historiese toevalligheid of 'n skielike gebeurtenis nie.

Daar was 'n duidelike aanloop tot die priesterlike werk van Jesus Christus. Selfs die dood aan die houtkruis het besondere betekenis. Jesus kon net sowel gesterf het omdat Hy onthoof, gehang of Sy ingewandes uitgesny is, alles maniere van teregstelling deur die Romeine. Die moeilik verklaarbare teks in Deuteronomium 21:22-23 “*Wanneer iemand tereggestel word vir 'n oortreding wat die doodstraf verdien, en jy hang hom aan 'n paal op, mag sy lyk nie die nag daaraan bly hang nie. Jy moet hom dieselfde dag nog begrawe, want wie opgehang word, is deur God vervloek. Jy mag nie die land wat deur die Here jou God aan jou as besitting gegee is, verontreinig nie.*” kry besondere betekenis. Die laaste tema sentreer rondom Jesus se absolute onskuld ten tye van Sy dood.

NGB Artikel 21 se bewoording is in **vetdruk**, aanhalings in *kursief*.

Hy het Homself in ons naam voor sy Vader gestel om sy toorn met volledige betaling te stil

Dit is die Tweede Persoon (Seun, Jesus Christus) van die Triniteit wat Homself in die spervuur plaas van die Eerste Persoon (Vader) se toorn. Die Vader se toorn is regverdig; die mens is sondig en opstandig. As ewige priester mag Hy namens ons optree en intree. Ander priesters het telkens offers, in besonder diere-offers, voor die Vader gestel. Hierdie priesters het offers wat mense

gebring het, namens daardie gelowiges voor God gestel. Jesus doen dieselfde deur 'n offer voor die Vader te stel. Die offer wat Hy stel, is nie 'n dier nie, maar Homself. Hy vervang gebrekkige diere-offers met Homself. As volmaakte offer kan Hy volledige betaling verseker.

Diere-offers was nooit voldoende nie en daarom het die bloed konstant gevloei by die offer-kultus. Die Tweede Persoon se keuse om Homself in ons naam as offer daar te stel, bring 'n einde aan die vloeï van offerbloed. Die Vader is die een wie se toorn betaling oproep. Die Seun is die een wat in vrye wil die betaling doen. Die mens is die een wat die toorn van die Here laat ontvlam het en wat ook die voordeel ontvang van die priester-werk van die Seun.

deur Homself aan die kruishout te offer en sy kosbare bloed tot afwassing van ons sondes uit te stort

Die manier waarop die Seun die plaasvervangende offer voor die Vader stel, is deur aan die kruis te sterf. Hy offer Homself en net soos die bloed van diere die tydelike afwassing van sonde simboliseer het, net so simboliseer die bloed wat Hy stort, die finale afwassing van alle sonde.

Die skynbare sinnelose stort van bloed is ten diepste die ware rede vir hierdie gebeurtenis; die bloed was die sonde af. Vroeg reeds het dit duidelik geword dat versoening, geregtigheid en die vloeï van bloed met mekaar verband hou. Reeds die eerste offer wat deur God aanvaar is, bevestig hierdie saak. In wese beteken dit dat ons bloed sou moes vloeï om aan God

se geregtigheid te voldoen. Omdat ons sonde ons totaal verlore gemaak het, sou al ons bloed en gevolglike dood nie genoeg wees om die soenoffer te bring nie.

soos die profete dit voorspel het.

Soos reeds genoem is hierdie gebeurtenis is nie lukraak nie. Die historiese aanloop kan in die gebeurtenisse van die geskiedenis self teruggevind word. Die teologiese agtergrond en begroning van die kruisdood kan in die Ou Testament, en in besonder in die werk van die profete, teruggevind word.

Want daar staan geskrywe dat die straf wat vir ons die vrede aanbring, op die Seun van God was, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom;

Hierdie eerste algemene verwysing is nie net aanduiding van dit wat volg nie. Dit dui ook aan dat die Skrif op 'n sekere manier verstaan is deur die gelowiges. Die Ou Testament in die besonder word verstaan as boek vol belofte en bron vir verstaan van die kruisgebeure.

Die plaasvervangende optrede van Jesus word duidelik onderstreep. Daar word nie duidelik onderskeid getref tussen die priesterwerk van Jesus en die offer (Homself) wat Hy gebring het nie. Ons straf het op Hom gekom omdat Hy Homself in ons naam voor die Vader gestel het en daarom het ons nou vrede. Sy wonde tot die dood toe het gemaak dat ons nou nie deur die gevolge van die sonde geteister hoef te word nie.

dat Hy soos 'n lam na die slagplek gelei en by die misdadigers gereken is' (Jesaja 53:5, 7, 9);

"Oor óns oortredings is hy deurboor, oor óns sondes is hy verbrysel; die straf wat vir ons vrede moes bring, was op hom, deur sý wonde het daar vir ons genesing gekom. ... Hy is mishandel, maar hy het geduldig gebly, hy het nie gekla nie. Soos 'n lam wat na die slagplek toe gelei word en soos 'n skaap wat stil is as hy geskeer word, het hy nie gekla nie. ... Hy het 'n graf gekry by goddeloses, hy was by sondaars in sy dood al het hy geen misdaad gepleeg nie en al was hy nooit vals nie." Daar kan geen twyfel wees oor die Messiaanse verwysing in hierdie gedeelte opgesluit nie. Die verwagting rondom hoe die Messias behandel sou word, is reeds in hierdie woorde aangedui.

dat Hy as 'n misdadiger deur Pontius Pilatus veroordeel is al het dié Hom eers onskuldig verklaar.

Die ander Evangelies en Johannes 18:38 *"Wat is waarheid?" sê Pilatus toe vir Hom. En toe hy dit sê, gaan hy weer uit na die Jode toe en sê vir hulle: "Ek vind geen skuld in hom nie"*. Dit is belangrik om daarop te let dat Jesus, volgens die reg van Sy dag, onskuldig bevind is.

Volgens die goeie en ingewikkelde Romeinse reg kon Pilatus geen rede vind om Jesus ter dood te veroordeel nie; Jesus was onskuldig. Hy is nie oorgelewer omdat Hy skuldig was nie. Dit was ten spyte van Sy onskuld dat Hy oorgelewer is om te sterf.

Hy het teruggegee wat Hy nie geroof het nie (Psalm 69:5); Hy het na liggaam en siel as regverdige vir onregverdiges gely (1 Petrus 3:18);

Dawid se woorde in Psalm 69:5 *"Dié wat my sonder rede haat, is meer as die hare op my kop. Dié wat my vir altyd wil stilmaak, is sterk. My vyande dwing my met vals beskuldigings om af te gee wat ek nie geroof het nie."* het nie net op hom betrekking gehad nie. Dit was profetiese woorde wat in die besonder op Jesus toegepas kan word. Dawid se onskuld was ten opsigte van sekere dinge wat van hom geëis is. Jesus was louter onskuld. Die eise teen Hom was totaal onredelik volgens regsbeginsels. Tòg het Hy gekies om in ons naam die eise van geregtigheid op Hom te neem.

Die kontras tussen skuld en onskuld word ook beklemtoon in 1 Petrus 3:18 *"Ook Christus het een maal vir die sondes gely, die onskuldige vir die skuldiges, om julle na God te bring, Christus wat as mens doorgemaak is, maar deur die Gees lewend gemaak is."* Die doelgerigtheid van Jesus se optrede blyk ook uit hierdie gedeelte. Jesus se lyding het ten doel gehad om ons voor God te laat verskyn.

Hy het die verskriklike straf wat ons sondes verdien, ervaar, sodat sy sweet soos bloeddruppels geword het wat op die grond val (Lukas 22:44),

"Hy het in doodsangs geraak en het nog ernstiger gebid. Sy sweet het soos bloeddruppels geword wat op die grond val." Ons was nie daar nie, ons weet nie of Jesus letterlik bloed gesweet het soos sommige sou wou beweer nie. Ons weet

wel dat die angste wat Jesus in die situasie ervaar het, gemaak het dat Hy so baie gesweet het dat Sy sweetdruppels geword het soos bloeddruppels wat op die grond val. Daar is deeglik mediese navorsing oor die saak gedoen en dit is duidelik dat groot angste kan maak dat iemand uitermate kan begin sweet.

Die rede vir die angste wat Jesus ervaar het was die straf wat wag op die verskriklikeheid van die sonde. Verskriklike sonde verdien verskriklike straf. Jesus het dit geweet en nogtans in ons naam voor die Vader gaan staan.

en Hy het uitgeroep: 'My God, my God, waarom het U My verlaat' (Matteus 27:46).

Met hierdie angstroep het Jesus aangedui dat Hy die volle impak van die straf wat met God se toorn gepaard gaan, ervaar het. God kan nie die sonde toelaat nie, God kan nie afkeurend die sonde verduur en verdra nie. God se geregtigheid eis dat die sonde gestraf moet word. Hierdie straf het Hy uitgestel totdat die Seun dit op Hom geneem het. Die volle impak van God se geregtigheid blyk op daardie oomblik dat God Jesus aan die kruis verlaat. God keer Sy rug totaal op die sonde. Dit is wat met ons sou moes gebeur.

Dit alles het Hy ter wille van die vergewing van ons sondes gely.

Jesus se lyding was doelgerig. Hy het van meet af geweet wat Hy sou moes ly, maar Hy het ook geweet wat Hy sou bewerkstellig. Daar is 'n lyn van harmonie aan te dui, harmonie in optrede en

gevolge, almal ten doel om die mens te verwyder van die sonde. Vergifnis is juis daardie handeling van God wat die mens uit die duister greep van sonde bring na die lig van God se heerlike teenwoordigheid.

Ons sê daarom tereg saam met die apostel Paulus dat ons met julle oor niks anders praat nie as oor Jesus Christus, en wel oor Hom as die gekruisigde (1 Korintiërs 2.2);

Daar is soveel onderwerpe wat aangeroer kan word wanneer mense oor God en Goddelike sake praat. Ons weet almal saam met Paulus dat ons met groot gesprekke en hoë woorde besig kan wees. Ons kies egter om oor die grootste gebeurtenis in die geskiedenis te praat; Jesus wat aan die vloekhout gehang en gesterf het.

dat ons alles as waardeloos beskou, want om Christus Jesus, ons Here, te ken oortref alles in waarde (Filippense 3:8);

Elke geslag het 'n eie stel waardes. Elke geslag het 'n ander idee oor rykdom. Daar was geslagte vir wie geld aanduiding van rykdom was, so ook goud, geld, selfs opleiding en aandele. Die opvallende is juis dat elke nuwe geslag in terme van die verganklike nuwe waardes het. Dit maak geloof so 'n wonderlike rykdom. Elke vorige geslag se rykdom kan waardeloos geag word, en ons eie geslag se rykdom is reeds as tydelik en verganklik ontmasker.

Om die Een te ken wat vir ons vrye toegang tot God verseker, is van

onskatbare waarde. Jesus is die een wat ons verlos uit sonde en ons erfgename maak van die heerlike ewigheid van God. Net dit wat altyd waardevol is, het werklik waarde. Diegene wat Christus ken, ken God, ken vergifnis en het die versekering van die ewige lewe.

dat ons volkome vertroosting in sy wonde vind en dat ons nie enige ander middel hoef te soek of uit te dink om ons met God te versoen nie as slegs hierdie een offerande wat net een maal gebring is, waardeur die gelowiges vir altyd volmaak word (Hebreërs 10:14).

"Deur die één offer het Hy dié wat vir God afgesonder word, vir altyd volkome van sonde vry gemaak." Jesus se werk as priester het ons afgesonder vir God se genade. Twee woorde val op, te wete "volmaak" en "volkome". Daar is geen verdere offers nodig nie. Jesus se een volmaakte offer het die prys volkome betaal. Daar is geen verdere aksie nodig nie, geen gebrek of toevoeging wat nog gedoen moet word nie. Al was dit net een

offer, was daardie offer volmaak. Dit het aan al die vereistes voldoen om aan God se geregtigheid te voldoen.

Dit is dan ook die rede waarom Hy deur die engel van God Jesus, dit is Verlosser, genoem is, want Hy sou sy volk van hulle sondes verlos (Matteus 1:21).

"Sy sal 'n Seun in die wêreld bring, en jy moet Hom Jesus noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos."

Ἰησοῦς is die Grieks vir die Hebreuse יהושוע of יהושע dit is "n samestelling van יהוה HERE en ישע Red en die naam beteken daarom "Die HERE red". Jesus se koms het ten doel gehad om ons te red. Dit het Hy gedoen deur ons te verlos van ons sonde. Ons kan as afsluiting stel dat sonde as term enige teologiese gesprek sal laat beland in 'n dampkring waar priesters en hulle werk van belang sal wees. Ons sonde maak dat ons 'n uitnemende priester nodig het en dit is Jesus Christus dan ook inderdaad.